18 Augustus 2019

FAMILIE TUISBLAD

Hebreërs 11:29-12:2

ons storie

Gee elkeen kans om te sê wie hulle helde is?

As elkeen hulle helde genoem het kan julle ook kans gee dalk elkeen vertel waarom hulle hierdie persoon bewonder?

Kyk of daar ooreenkomste is in die redes wat elkeen gee? (bv die persoon se toewyding, prestasies ens.)

GOD se storie

Vandag lees ons ook van helde.

Mense wat met moed en geloof vasgehou het aan God in moeilike omstandighede.

Hulle word as helde beskou, selfs al het hulle geloof nie noodwendig verseker dat alles vir hulle goed uitgewerk het nie.

Gaan kyk gerus na die lys van helde wat hier genoem word en gaan kyk ook na hoe dinge vir hulle uitgewerk het.

God se helde lyk soms anders as wat ons dink hulle moet.

ons nuwe storie

Hier is 'n beeld wat ons kan help in die tye wanneer ons swaarkry of sukkel.

Dat ons soos 'n atleet wat deelneem aan 'n wedloop sal:

- Fokus op Jesus (konsentreer op die feit dat Jesus reeds die wedloop namens ons gewen het)
- Ons sal uitkyk vir ons ondersteuners (ouers, vriende)
- Dat ons ons nie sal besig hou met dinge wat ons aandag kan aftrek van ons doelwit af nie.

Rituele en gewoontes

God weet dat die wedloop van die lewe baie uitdagings aan ons stel. Daarom laat hy ons nie alleen deelneem nie. Hy gee vir ons ondersteuners (a rent a crowd). Hulle wil ons aanmoedig en help waar hulle kan. Daardie ondersteuners is veral ons huismense.

Gee kans dat elkeen iets kan noem waarmee hulle in hierdie week ondersteuning gaan nodig hê. Laat die res van die huismense ooreenkom oor hoe julle elkeen gaan ondersteun.